13

DIE NATUUR HET REGTE!

Ons moet die aarde bewoon en bewerk

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat ons 'n verantwoordelikheid het om God se skepping te bewaar.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- dit is God se opdrag dat ons oor die skepping moet heers; en
- God se skepping moet opgepas word.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om aktief deel te neem aan projekte om die natuur te bewaar.

Vaardigheid

Die kinders raak saam met die res van die klas onder leiding van die kategeet betrokke by 'n projek om die natuur te bewaar.

MEER INLIGTING

'n Tragiese kenmerk van ons wêreld aan die begin van die derde millennium is al die skade wat ons planeet reeds opgedoen het. 'n Gespreksgroep van kenners uit verskillende lande wat besorg is oor die krisisse wat die mensdom bedreig, het die tien grootste uitdagings wat die wêreld tans in die gesig staar, gelys:

- Klimaatsverandering.
- Dodelike aansteeklike siektes soos MIV/vigs.
- Konflik en opbou van wapens.
- Opvoeding.
- Finansiële onsekerheid.
- Korrupte regerings.
- Ondervoeding en honger.

- Migrasie.
- Sanitasie en skoon water.
- Handelsbeperkings.

Epidemies soos MIV/vigs, en klimaatsverandering soos aardverwarming, maak ons wêreld oud en siek. Op 9 Oktober 2006 het die Global Footprint Network berig dat die wêreld op ekologiese gebied reeds in die *gevaarsone* inbeweeg het as gevolg van die mens se oormatige gebruik van die natuurlike bronne.

Dit is nie wat God wil hê nie. Hy het ons planeet juis bewoonbaar gemaak en van plante, voëls, diere en ander hulpbronne voorsien. Hoor wat staan in die Bybel in Genesis 1:

[1]In die begin het God die hemel en die aarde geskep. [2]Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef.

En later: *[11]Toe het God gesê: "Laat daar uit die aarde groenigheid voortkom, groen plante wat saad gee en vrugtebome op die aarde, wat elkeen na sy aard vrugte dra en waarvan die saad in sy vrug sit."*

En nog later: *[20]Toe het God gesê: "Laat die waters krioel van lewende wesens, en laat daar voëls onder die hemelgewelf oor die aarde vlieg." [21]God het die groot seediere geskep en al die ander lewende wesens waarvan die waters krioel, almal na hulle aard; ook al die voëls na hulle aard.*

En daarna: *[24]Toe het God gesê: "Laat die aarde lewende wesens voortbring, elkeen na sy aard: mak diere, diere wat kruip, wilde diere, elkeen na sy aard."*

God het ons in beheer van sy skepping geplaas, van die omgewing waarin ons woon. Dit beteken dat ons nie die reg het om plante, voëls, diere, water en ander hulpbronne of enigiets anders te verniel of uit te kap of te bemors of vir eie gewin te misbruik nie. Kom ons kyk watter begrippe die Bybel gebruik om hierdie verantwoordelikheid van ons uit te spel:

[27]God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. [28]Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip."

In vers 26 staan dit ook anders geskryf:

[26]Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip." Jy sien, ons moet God se werk op aarde doen, namens Hom heers oor die skepping. Heers, in die sin waarin dit hier staan, beteken: liefdevol omsien na die belange van die aarde.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 552: 1, 2 en 4 as gebed.

Liewe Vader, ek sê dankie
vir die wêreld rondom my,
want die hemel en die aarde
het ons al's van U gekry.
Liewe Vader, ek sê dankie
vir die lewe rondom my –
al die blomme en die diere
het hul prag van U gekry.
Liewe Vader, ek sê dankie
dat ek soveel van U kry,
maar die grootste is u liefde
wat ook in my hart kom bly. Amen.

HET HULLE ONTHOU?

- Vra vir 'n paar kinders wat hulle ouers by Les 11 gesê het die grootste bedreigings vir die kerk is.
- Vra wie weet wat die Kerkhervormers se slagspreuk was (*God alleen, die Bybel alleen, die geloof alleen*).
- Kontroleer of hulle kan onthou wat die betekenis is van –
    - apostolies: om 'n gestuurde deur die Heilige Gees te wees.
    - katoliek: om algemeen saam met alle ander gelowiges besig te wees met God se werk.
    - charismaties: om die gawes van die Heilige Gees in belang van ander te gebruik.
- Laat 'n paar kinders vertel wat hulle vriende wat lidmate van kerke in 'n ander tradisie as ons Kerk is, se belydenis is.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Ons kan nooit onverskillig staan teenoor die skepping nie, want ons is self deel daarvan. Die Bybel spel dit duidelik uit dat ons deel is van die wêreld wat God vir ons geskape het. Reeds vroeg in die Bybelse verhaal lees ons daarvan. In Genesis 3: 19 reageer God skerp op die mens se ongehoorsaamheid aan Hom: *Jy sal terugkeer na die aarde toe, want daaruit is jy geneem*. Is dit dalk waarom ons praat van *Moeder Aarde*? Die aarde is ons *moeder*, ons is uit *haar* gebore, daarom het ons ook 'n plig om haar te respekteer en op te pas. Amper iets soos *eer jou vader en jou moeder...*

IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van MEER INLIGTING aan die kinders oor. Beklemtoon veral die kursiewe gedeeltes wat uit die Bybel kom deur dit met gevoel en agting te lees.

IETS BELANGRIK

Skerp die gedagte in dat ons 'n ontsaglike verantwoordelikheid teenoor die skepping het deur na Psalm 8 te verwys, veral die volgende gedeeltes:

[2]Here, ons Here...
hoe glansryk alles wat U
in die hemelruim geplaas het!
[3]Kinders en suigelinge besing
die magtige werk
wat U tot stand gebring het...
[4]As ek u hemel aanskou,
die werk van u vingers,
die maan en die sterre...

[5]wat is die mens dan
dat U aan hom dink...
[6]U het hom net 'n bietjie minder
as 'n hemelse wese gemaak
en hom met aansien en eer gekroon,
[7]U laat hom heers
oor die werk van u hande,
U het alles aan hom onderwerp:
[8]skape en beeste, alles;
selfs die diere in die veld,
[9]die voëls in die lug,
en die visse in die see
wat die oseane deurkruis.
[10]Here, ons Here,
hoe wonderbaar is u Naam
oor die hele aarde!

Beklemtoon al vraende die hoofsaak van hierdie psalm:

- Wat dink julle is die hoofdoel van hierdie psalm? (Die Here se Naam moet grootgemaak en geprys word.)
- Wat dink julle is die rede daarvoor? (Omdat die Here vir die mens so 'n besondere posisie in die wonderlike skepping gegee het.)
- Wat behels hierdie besondere posisie van die mens? (Ons moet die skepping oppas, deur soos ons in Genesis ook gesien het, daaroor te heers. Dit is aan ons onderwerp met die gedagte dat ons goed *daarna sal kyk.)*

IETS OM TE DOEN

- Gesels met die klas oor wat na hulle mening die grootste bedreiging vir die omgewing inhou. Maak notas van almal se insette, en laat hulle dit in hulle boeke oorskryf. Hulle moet tuis 'n projek gaan loods om iets aan die probleem te doen.

.....

.....

.....

- Laat hulle die verskuilde woorde hieronder gaan soek. Eers dié wat die probleem beskryf, dan dié wat die probleme veroorsaak.

waterbesoedeling, lugbesoedeling, aardverwarming, mense,
motors, steenkoolmyne, gifstowwe, fabrieke

- Jy kan beloning gee (sjokolade, biltong, R10, ensovoorts) vir die een wat alles eerste gekry het.

Z	A	Z	G	S	G	H	N	M	W	D	V	F	R	T	Y	U	I	K	G
X	W	A	H	D	F	G	H	F	A	B	R	I	E	K	E	F	Y	N	H
C	S	Q	Y	F	G	I	F	S	T	O	W	W	E	G	V	F	E	M	Y
V	D	W	T	G	T	R	F	H	E	T	B	G	H	J	M	K	U	K	U
B	E	S	A	A	R	D	V	E	R	W	A	R	M	I	N	G	Y	H	I
N	R	X	G	L	G	J	G	H	B	E	H	J	G	K	F	L	S	G	K
M	F	C	H	K	B	H	Y	K	E	D	S	Z	S	D	X	A	W	F	M
M	G	D	J	O	N	U	U	M	S	R	F	G	B	V	C	S	E	D	N
J	T	E	L	U	G	B	E	S	O	E	D	E	L	I	N	G	Q	R	B
H	Y	N	T	A	N	T	S	T	E	E	N	K	O	O	L	M	Y	N	E
G	H	F	R	H	A	H	O	T	D	F	G	H	J	K	T	R	E	R	G
F	J	V	E	J	S	M	Y	G	E	A	S	D	F	G	T	B	V	H	R
R	U	B	Y	U	D	J	T	T	L	B	N	M	J	U	Y	T	D	G	E
D	I	G	U	K	F	K	R	Y	I	S	D	F	R	T	Y	G	E	B	W
E	K	T	I	I	G	LI	M	E	N	S	E	F	Q	W	E	D	S	C	R
T	L	Y	K	O	H	U	R	U	G	A	Z	S	W	E	F	G	H	Y	A
Y	P	H	H	L	J	Y	S	T	E	D	F	R	V	B	H	Y	T	U	S
T	O	N	N	E	K	T	J	R	R	A	S	D	E	R	F	G	T	I	D
R	K	M	M	D	L	R	H	S	G	N	G	H	J	K	P	J	T	K	F
B	M	J	G	F	T	F	G	T	Z	T	Y	U	I	O	S	P	K	O	H

BY DIE HUIS

- Laat hulle 'n lys gaan maak van gemeenskapsprojekte wat daadwerklik daarop ingestel is om die skepping te bewaar. Moedig hulle aan om hulle kragte iewers in te gooi.
- Mobiliseer die hele klas om 'n park of straat of openbare plek in hulle dorp of omgewing wat besoedel is, te gaan opruim. Maak seker dat die projek geloods word met die klem daarop dat hulle dit doen as *gelowiges*, wat hulle opdrag uit God se Woord wil gehoorsaam.
- Laat hulle volgende week prente saambring wat die omvang en skade van besoedeling uitwys. Plak dit in die klas op waar daar ruimte is.

AFSLUITING

Sluit af met Psalm 8 van TT Cloete as gebed.

U Naam is wonderbaar op aarde, Here,
en verder weg, verby die verste sfere.
Hoe glansryk, Here, word u Naam vertel
deur alles in u hemelruim gestel.
Selfs kinders sing van wat U als gemaak het,
van wat u hande skeppend aangeraak het.
'n Suigeling kan as getuie sing
en so u vyande tot swye bring.
U hemel, Heer, is vol van wonderwerke.
Ek sien aan ster en maan u vingermerke.
Hoe is die mens dan tog u gunsteling,
net bietjie minder as 'n hemeling? Amen.